


# Die Openbaring aan Johannes

# Besonderhede en agtergrond


- Openbaring = apokalips (αποκαλυψις) = onthulling, bekendmaking, openbaring
  - Geskryf teen ±95 nC – die regeertyd van keiser Domitianus (81-96 nC)
- Johannes die skrywer:
  - Vgl : **Opb 1:1, 2, 4 & 9** Wat hier volg, is deur Jesus Christus geopenbaar. God het die openbaring oor wat binnekort moet gebeur, vir Hom gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien. Johannes is die getuie van wat God gesê en wat Jesus Christus bevestig het; hy getuig van alles wat hy gesien het. Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding. Ek was op die eiland Patmos, waarheen ek verban was omdat ek die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het.

# Die eiland Patmos



# Die eerste lesers en hulle wêreld

- Sewe gemeentes in Klein Asië
  - **Opb 1:11** "Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe gemeentes: Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea."
- Politieke omstandighede: Romeinse keiserryk en keiserverering
- Sosio-ekonomiese omstandighede
- Godsdienstige omstandighede
- Pastorale situasie van die gemeentes



# Doel

- 'n Brief, profesie en apokalips
- 'n Boek van hoop en bemoediging
- Die vesekering dat God die alleenheerser oor alles is
- Sewe hoofdele:
  - 1:1-20 Inleiding
  - 2:1-3:22 Deel 1: sewe briefboodskappe
  - 4:1-8:5 Deel 2: sewe seëls van God se wêreldregering en oordeel
  - 8:6-11:19 Deel 3: sewe trompette van waarskuwing en oordeel
  - 12:1-14:20 Deel 4: optrede van Satan (draak), die Antichris en die Vals Profeet
  - 15:1-16:21 Deel 5: sewe bakke van oordeel
  - 17:1-19:10 Deel 6: val van Babilon (Rome)
  - 19:11-22:5 Deel 7: finale oorwinning en aanbreek van die nuwe bedeling
  - 22:6-21 Afsluiting en seëngroet

# Wat van ons?

- Vir die hedendaagse gelowige is Openbaring egter 'n boek van hoop, maar ook van waarskuwende opskerping
- Openbaring slaag daarin om ons opnuut te oortuig dat God die enigste en ware God is, teenwoordig en in beheer van die hede, en ook wat ons verwagtings vir die toekoms betref.

